Universiteit van Pretoria

# KONTEMPORÊRE UITDAGINGS AAN UNIVERSITEITE IN DIE AKADEMIESE VOORBEREIDING VAN OPENBARE ADMINISTRATEURS

TUK 351.0711168
BOTES

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# KONTEMPORÊRE UITDAGINGS AAN UNIVERSITEITE IN DIE AKADEMIESE VOORBEREIDING VAN OPENBARE ADMINISTRATEURS

DEUR

PROF P S BOTES

Intreerede gelewer op 21 Junie 1984 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Publieke Administrasie, Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe.

2355654

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# CURRICULUM VITAE
# PROF P S BOTES

Paulus Stephanus Botes is op 5 April 1937 te Pretoria gebore. Nadat sy ouers na Carolina in die Oos-Transvaal verhuis het, het hy sy skoolloopbaan aan die laer- en die hoërskool te Carolina voltooi. In 1956 begin professor Botes met 'n BSc-graadstudie maar nadat sy vader in 'n ongeluk oorlede is, staak hy sy studies en sluit by die Staatsdiens aan. Nadat hy vir etlike jare Klerk van die Hof en leerling-aanklaer in die Departement van Justisie was, ontvang hy in 1960 'n oorplasing na die Verordeninge-afdeling van die Transvaalse Provinsiale Administrasie as regsassistent. Twee jaar later slaag hy 'n Organisasie- en Metodekursus en word as Werkstudiebeampte in die Transvaalse Provinsiale Administrasie aangestel. Ondertussen registreer hy as buitemuurse student vir die BAdmin-graadkursus aan die Universiteit van Pretoria en behaal die graad in 1965. Nadat hy in 1966 'n BAdmin (Hons)-graad behaal het, word hy as opleidingsbeampte in die destydse Staatsdienskommissie aangestel. In 1969 verwerf hy 'n MAdmin-graad en word in dieselfde jaar as senior lektor in Publieke Administrasie aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel. In 1977 verwerf professor Botes 'n DAdmin-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika met 'n proefskrif getiteld *Besluitneming en beleidbepaling: 'n Politikologiese analise van die Stadsrade van Johannesburg en Pretoria,* en in dieselfde jaar word hy as professor in Publieke Administrasie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Op 1 Julie 1983 word hy tot hoof van die departement Publieke Administrasie bevorder.

Professor Botes het tot dusver 'n groot aantal tydskrifartikels die lig laat sien en het talle referate en voordragte voor verskillende gehore gelewer. Ook het hy verskeie hoofstukke in boeke geskryf, soos byvoorbeeld in die boek onder redaksie van Nieuwoudt, Olivier en Hough, naamlik *Die politieke stelsel van Suid-Afrika,* en 'n hoofstuk in die werk *South-Africa — The free world's treasure house,* uitgegee deur Broadside Publishers. Professor Botes was 'n medewerker van die *Ensiklopedie van die wêreld* onder redaksie van C F Albertyn, en het talle rubrieke oor staatsinstellings vir die ensiklopedie geskryf.

Professor Botes is ook aktief besig om die belange van sy vak na buite uit te dra. Hy is byvoorbeeld tans lid van die Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Publieke Administrasie en het ook vir etlike jare as lid van die Uitvoerende Komitee van die Instituut gedien. Professor Botes is tans voorsitter van die Eksamenraad van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Organisasie en Metode. Gedurende die begin van die jaar is hy ook deur die Administrateur as lid van die Waarderingsraad van die Stadsraad van Verwoerdburg benoem.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# KONTEMPORÊRE UITDAGINGS AAN DIE UNIVERSITEIT IN DIE AKADEMIESE VOORBEREIDING VAN OPENBARE ADMINISTRATEURS

Gedurende die Middeleeue was dit die taak van die universiteit om te dien as die sentrum vir die oordrag van kennis en vir die ontwikkeling van die vakdissipline[1] Dit was 'n vereiste dat die student die bestaande kennis sonder enige bevraagtekening vir homself moes toe-eien en sodoende 'n skerpsinnigheid van denke en 'n hoë onderskeidingsvermoë ontwikkel. Toe was selfstandige denke en navorsing nie as deel van die universiteitstudent se taak beskou nie. Algaande het die opvatting posgevat dat die universiteit die geleenthede moet skep om die vakdissiplinêre kennis sodanig te ontplooi dat die student aangespoor word tot gesistematiseerde en logiese denke. Onder die sterk invloed van die Aufkläring in die Pruisiese state aanvaar die universiteit van die 17de en die 18de eeue in Europa die beginsel van *Libertas philosophandi,* dit wil sê die vryheid van die indiwidu om sy eie oortuigings te vorm.[2] Selfstandige denke en kreatiewe oordeel is aangemoedig om gestalte te gee aan die ontwikkeling van die wetenskap as wetenskap. In die proses van wetenskapsbeoefening is daar al hoe meer geglo in die menslike rede wat meegebring het dat willekeurige spekulatiewe teoretisering gesubordineer is.[3] Die verstandelike geleerdheid en akkumulasie van geverifieerde kennis is as wetenskapsideaal aanvaar.

Gedurende die 19de eeu neem die natuurwetenskappe algaande 'n prominenter plek op die universiteitsterrein in, terwyl die aansien en die geloofwaardigheid van die geesteswetenskappe terselfdertyd begin taan het.[4] Prominensie word verleen aan die ontdekking van universele natuurwette en beginsels, en die norm van wetenskaplike waarheid en eksaktheid word al hoe meer gekoppel aan rekenkundig-matematiese juistheid van proposisie en filosofiese sillogismes. Die belangrikheid van die elementêre beginsels van wetenskapsanalise van Socrates, te wete die proses van twyfel en difinisie,[5] verkry egter gaandeweg nuwe belangstelling omdat die rekenkundig-matematiese verifiëringtegniek nie in die geesteswetenskappe toepassing kon vind nie. Hierdie veranderde opvatting het meegebring dat die geakkumuleerde kennis nou aan sorgvuldig ontleding onderwerp moes word om daardeur nuwe gesigspunte in die wetenskapswaarheid te ontdek. Dit het daartoe gelei dat groterwordende uitdagings aan die navorser gestel is om bruikbare en nuttige teorieë na vore te bring.[7]

Voornoemde pragmatisme in die wetenskap het veroorsaak dat gedifferensieerde vakwetenskaplike spesialisasie algaande ontwikkel het. Mettertyd is daar groterwordende waarde geheg aan die utiliteit van die wetenskap, dit wil sê die nut wat dit inhou vir die opleiding van persone vir die hoëre beroepe.[8] Met die verloop van tyd en veral gedurende die 20ste eeu word al hoe meer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

klem gelê op gedifferensieerde beroepsopleiding vir 'n groterwordende verskeidenheid van beroepe. Die universiteit was nie meer slegs die sentrum van akademiese navorsing en opvoeding nie, maar het ook 'n sentrum vir beroepsopleiding geword.

Met die ontwikkeling van Publieke Administrasie as eiesoortige wetenskaplike dissipline en ook as universiteitsvak, het dit ook nie die toenemende eise aan beroepsgerigte opleiding ontkom nie. Na 'n termyn van byna 80 jaar se heftige debattering oor die aard, die inhoud en die dimensie van akademiese teorieë in die Publieke Administrasie,[9] is daar gedurende die afgelope twee tot drie dekades 'n mate van konsolidasie in die akademiese dissipline gevind.[10] Op die weg na konsolidasie was die vakgebied onderworpe aan vele kritiese ondersoeke en afbrekende evaluasies, wat na die welbekende essay van Woodrow Wilson getiteld "The study of Administration" ontketen is[11] Eers het knelvrae gewentel om wie die opleiding moet ontvang (die sogenaamde lokus-dilemma) en daarna het die identiteitskrisis verskuif na die vraagstuk oor watter vaksubstansie en kennis in die wetenskap opgeneem moet word (die sogenaamde fokus-dilemma).[12] In die proses na die soeke na "beginsels" en universele waarhede het verskeie paradigmas die lig gesien waarvan die bekendste die een van Luther Gulick en Lyndal Urwick was, die sogenaamde POSDCORB-akroniem wat staan vir "planning, organizing, directing, coordinating, reporting and budgeting".[13] Verskeie ander paradigmas het daarop gevolg en almal was gerig op die skepping van 'n universeel aanvaarbare opleidingsraamwerk met die oog op beroepsopleiding.[14]

Kontemporêre behoeftes en eise aan 'n beroepsgerigte studie in die administratiewe wetenskap het daartoe gelei dat die tradisionele wetenskapsbeoefening van twyfel en definisie gaandeweg weer op die agtergrond geskuif is om sodoende plek te maak vir die loutere utiliteit van beroepsgerigte kennis om daardeur lessenaarvaardighede te kweek sonder bevraagtekening van die filosofie of metafisiese onderbou van die wetenskap. Hierdie toedrag van sake het egter 'n hedendaagse bron van kommer geword.

Die roeping van die kontemporêre universiteit bly steeds om enersyds die wetenskap as eenheid te bewaar en die totaliteitsvisie te beskerm.[15] Die waarheidsbeginsels in die wetenskap vorm immers 'n eenheid en die samehangende interafhanklikheid van die teoretiese onderdele van die wetenskap, skep ineengestrengelde en geïntegreerde denke. Andersyds is dit nog steeds die roeping van die universiteit om te spesialiseer.[16] Hierin lê juis die identiteitskrisis van die moderne wetenskap, omdat toenemende spesialisasie daartoe neig om die eenheidsbegrip in die wetenskap te vertroebel. Met die ontwikkeling van die wetenskap, neem spesialisasie onvermydelik toe en dit kan geargumenteer word dat die neiging nie slegs vanselfsprekend is nie, maar dikwels ook waardevol en nuttig is.[17]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In die vroeë eeue kon die wetenskaplike feitlik die hele wetenskap beheers en die eenheidsbegrip behou, maar weens die toenemende kompleksiteite van die vele interafhanklike faktore, asook die ontdekking van nuwe teorieë word dit al hoe moeiliker vir die wetenskaplike om die eenheidsbegrip te beheers.[18] 'n Opvallende verskynsel van die moderne tydvak is dat die wetenskaplike nouliks 'n onderdeel van sy besondere wetenskap ten volle kan beheers, trouens, as gevolg van die stelselmatige spesialisase en proliferasie van die wetenskap, verstaan vakspesialiste op dieselfde onderdeel van die wetenskap, mekaar nie meer nie.[19] Indien spesialisasie en wetenskapsproliferasie dus te ver gevoer word kan dit lei tot oorspesialisasie in die onderdele van die wetenskap, en loop die huidige wetenskapsbeoefening die gevaar om in geprolifereerde amorfe opleidingsterreine te beland. Oorspesialisasie lei noodwendig tot verbrokkeling van die wetenskaplike eenheid en laat die administratiewe wetenskap in stukke uiteenval wat aanleiding gee tot 'n soort hipertrofie van die intellek, dit wil sê die oorwoekering van 'n klein onderdeel.[20] Oorspesialisasie in die Publieke Administrasie kan die lyne van die wetenskapsoorsprong asook die kern van beginsels verdof, en hol dus letterlik die administratiewe wetenskap uit tot 'n leë dop wat aanleiding gee tot intellektuele en epistemologiese verarming.

Dit moet erken word dat dit die plig van die universiteit is om deurlopend navorsing te onderneem, nuwe kennis te ontdek en bewese kennis te versprei. Die metodiek van navorsing en die wyse waarop nuwe kennis ontdek word, is ook nie eksklusief vir die akademikus gereserveer nie en moet die wetenskapsmetodologie ook aan die student geleer word. In dié opsig het die universiteit inderdaad 'n akademiese opvoedingstaak,[21] maar indien oorspesialisasie aan die orde van die dag raak, kan dit die persoonlikheidsvorming van die student ondermyn omdat die integrering van gespesialiseerde kennis in die wetenskapsgeheel vervaag word. Die student word dan geïsoleer van die verbandhoudende lewens- en wêreldbeskouing van die wetenskap. Dit bring armoede in die intellektuele gees mee en verskaf weinig stimulante tot filosofiese en metafiese ondersoeke. Die beroepsopleiding van elke brokkie kennis word vervang met operasioneelgerigte opleiding om lessenaarvaardighede van allerlei ordes en dimensies te kweek. Die gevaar bestaan dat die huidige universiteit met die voornoemde neiging tot oorspesialisasie daartoe kan bydra tot die ontwikkeling van "intellektuele barbare".[22]

Spesialisasie sal seker bly voortbestaan, maar die vraag ontstaan by die bestudering van Publieke Administrasie: Hoe kan spesialisasie bewerkstellig word sonder om die filosofiese bande met die kernwetenskap van Publieke Administrasie te verloor? Publieke Administrasie het nie die neiging tot spesialisasie vrygespring nie. Gelukkig kan daar tot in hierdie stadium weinig tekens van hipertrofie, of oorwoekering van 'n minimale onderdeel, waargeneem word, maar dit beteken nie dat die gevaar dat so-iets wel kan ontwikkel,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

uitgesluit is nie. Die dosent aan die Departement Publieke Administrasie sal dus daarteen moet waak dat die eenheidsbegrip van die administratiewe wetenskap nie verbrokkel word omdaardeur toe te gee aan geïndiwidualiseerde toe-eiening van spesialiteitsvelde deur die enkeling nie.

Samehangend met die eise en behoeftes aan beroepsgespesialiseerdheid in die wetenskap — wat neerkom op 'n onopsigtelike aandrang tot hipertrofie van die wetenskap — word daar ook voor die probleem van toenemende eise aan professionalisme in die beroep van die openbare administrateur te staan gekom[23]. Waar dit die roeping van die universiteit is om deur fundamenteel-akademiese onderrig die beste breinkrag te skool in die teoretiese paradigmas en filosofiese beginsels wat die praktyk ten grondslag lê, het dit begin blyk dat hierdie gesindheid opvallend die afgelope dekade verander het. Daar is reeds vroeër in die rede gewag gemaak van die neiging tot beroepsgerigte opleiding in plaas van akademiese opvoeding. Dit is opvallend dat daar in die afgelope jare nuwe eise aan die universiteit gestel word om opleiding te verskaf om die student in Publieke Administrasie, professioneel paraat vir 'n beroep as openbare administrateur te kan maak.[25] Dit bring mee dat die akademikus in sy vakgebied die wetenskapsbeoefening ter wille van die deelname aan die opperste waarheid moet prysgee, om praktyk-geykte prosedures en metodes diachronies aan te leer en die student opleiding te gee in die geroetineerde ritueel van administratiewe handelinge. So 'n benadering doen inbreuk op die bestaande indiensopleidingsprogramme wat reeds in die openbare sektor bestaan. Met die snelle ontwikkeling van die verbysterende veelheid van gedifferensieerde beroepsvelde in die moderne openbare sektor, waarmee die dissipline Publieke Administrasie gemoeid is, en as gevolg van die groter aandrang op beroepsparate opleiding, word daar 'n groterwordende verbrokkeling van die wetenskapseenheid ervaar.

Teenoor die universiteit staan die huidige technikons wat statutêr belas is met praktykgerigte opleiding in die operasionele werklikhede van die bedryfswêreld.[27] Die opleiding van die openbare amptenare deur die aanbieding van kursusse in nasionale diplomas, bring die opleidingstaak van die technikon in werklikheid in lyn met die opleidingstaak van die universiteit. Die taak van die technikon is om empiriese kennis en bewese tegnieke sonder filosofiese bevraagtekening te doseer om daardeur praktykgeoriënteerde lessenaarvaardighede vir bepaalde beroepsgroepe te bewerkstellig. Die neiging tot spesialisasie en verdere oorspesialisasie het natuurlik ook nie die technikons ontkom nie. Daar kan inderdaad beweer word dat indien die aandrang by universiteite om praktykgerigte opleiding aan universiteitstudente te gee te ver gevoer word, die universiteit gereduseer kan word tot 'n wetenskaplike fabriek. In dié verband kan die treffende argumente van Stoker aangehaal word:

"In die huidige tyd stel die hoëre beroepe met hul vinnige en al



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

meer gedifferensieerde ontwikkeling al hoër en al meer tegniese eise aan die universiteit, en wel om al meer beroepsdeskundiges al meer gespesialiseerd af te lewer. Die gevolg hiervan is dat die universiteite al meer tegniese institute vir beroepsopleiding word, en die akademiese taak (nl. van basiese navorsing en doseer), afgesien van sy utiliteitswaarde, nie meer na behore kan behartig nie, terwyl laasgenoemde taak sy primêre taak behoort te bly. Die ewewig tussen wetenskapsbeoefening ter will van vermeerdering van kennis en beroepsopleiding raak al meer weg. Die universiteit word al meer 'n "wetenskaplike fabriek" wat deskundige materiaal aan die samelewing moet lewer in die vorm van ekonome, ingenieurs, juriste, medici, natuurkundiges, ensovoorts".

Die uitdagings aan die kontemporêre universiteit word al hoe duideliker in die lig van die rol van sowel die technikon as die universiteit in die vervolmakingsproses van die openbare administrateur deur die studie in die Publieke Administrasie.

Sowel Stoker[28] as Rappard[29] verklaar dat die moderne universiteit 'n toonbeeld van wetenskaplike chaos is. Nie slegs word die geheel van die geesteswetenskap verbrokkel deur die akademiese eenheid in afsonderlike doseerdepartemente te kompartementaliseer nie, maar word in 'n akademiese departement 'n groot verskeidenheid van dosente aangetref wat enkelvoudige onderdele van die wetenskap uit verskillende gesigspunte, benaderings en klem in waterdigte kompartemente aanbied. Gepaard hiermee word 'n spesifieke geesteswetenskap soos Publieke Administrasie weens die moderne uitdagings en eise aan oorspesialisasie in soveel professioneelgerigte terreine afgebaken dat 'n duplikasie en oorvleueling in dieselfde akademiese dissipline ontstaan. Die uiteenlopende, en dikwels botsende splinterstudies in die administratiewe wetenskap bring noodwendig mee dat uiteenlopende en dikwels botsende teorieë die lig sien. Talle van die nuutgevonde teorieë is in werklikheid nie "nuwe" teorieë per se nie, maar pseudo-verfynings van bestaande teorieë om 'n akademiese plasing binne die professioneelgerigte splinterdomeine te vind.

Die rol van die universiteit in die akademiese voorbereiding van die openbare administrateur sal in die toekoms nougesetter aandag verg as ooit in die verlede. Veranderings en aanpassings in die operasionele domein van die openbare sektor, asook die ontplooiing van 'n uitvoerende gesag binne die konteks van kontemporêre konstitusionele hervorming, sal die Departement Publieke Administrasie noop om die tradisionele opleidingsrol en konserwatief-geykte teorieë te hersien om in die proses mee te maak aan algehele hervorming.

Namate die wetenskap egter op die ou trant voortgaan en meer en meer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

spesialiseer, en namate die openbare sektor al meer en al hoe hoër eise aan resepmatige opleiding stel, word jaar na jaar die graad- en eksameneise al hoe hoër gestel, word die leerplanne al hoe meer volgeprop, word die studente al hoe meer oorlaai en word al hoe meer intellektuele indigestie in die hand gewerk. Die student kom dan na die universiteit uit utiliteitsmotiewe om so gou moontlik 'n graad te bekom om sodoende 'n lonende beroep te kry.

Publieke administrasie het inderdaad tot 'n professie ontwikkel waarby beroepsgerigte voorbereiding van die openbare administrateur die hoogste prioriteit vereis. Die universiteit as sentrum vir die opleiding van kandidate vir spesifieke professies soos geneeskundiges, ingenieurs, prokureurs, verpleegsters en chemici, het in die praktyk 'n daadwerklike bydrae te lewer in die skepping van geleenthede vir die akademiese voorbereiding van kandidate in die administratiewe professie. Onlangs het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke administrasie daartoe oorgegaan om kategorieë van lidmaatskap daar te stel en een van die kategorieë is professionele lidmaatskap waarvoor 'n sertifikaat uitgereik word. Dit bewys dat pogings steeds aangewend word om professionele status aan die amp van publieke administrateur toe te ken.

Ongelukkig is daar in 'n onlangse verslag gewag gemaak van die kommer wat daar bestaan oor die vermoëns van die universiteite en die technikons (veral die vermoëns van die dosente) om reg aan die opleiding in Publieke Administrasie te laat geskied.[31] Die geïmpliseerde veralgemening van die voorgaande stelling het dosente in Departemente van Publieke Administrasie erg ontstel. Ook word daar in die verslag aangedring dat praktici as dosente aangestel word, en nêrens word gemeld dat akademici die wetenskaplike voorbereiding van openbare administrateurs moet behartig nie. Ook is daar geen duidelikheid verskaf oor wat met "opleiding" bedoel word nie. Daar moet in die algemeen aanvaar word dat opleiding soos dit in voornoemde verslag bedoel word, te make het met die oordrag van lessenaarvaardighede sodat die kandidaat die kennis, ervaring en vaardigheid van 'n tipiese administratiewe betrekking sal bekom. Weens die uiteenlopende diversiteite in die vereiste lessenaarvaardighede wat gedoseer sal moet word, beteken dit dat Publieke Administrasie verder geprolifereer moet word, wat tot 'n verdere oordosis van wetenskapshipertrofie sal lei. In die opleidingsproses word die kennis, die feite en die aktiwiteite nie bevraagteken of aan wetenskapsanalise onderwerp nie en word slegs die korrekte manier van optrede in 'n tipiese administratiewe situasie deur die student aangeleer. Die universiteit verloor onder die genoemde omstandighede sy eeu-oue roeping; naamlik die van *libertas philosophandi.*

Die oordrewe aandrag dat lessenaarvaardighede deur opleiding aan openbare amptenare op resepmatige wyse verskaf moet word, neig om 'n sterk ooreenkoms met praktiese indiensopleiding in die staatsdiens en die technikons te vertoon. Maar die universiteit is nie tegnies ingerig om op resepmatige wyse



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

openbare administrateurs op te lei nie. Opleiding is die proses van leer van 'n geprogrammeerde sekwensie van gedrag en optrede om herhalende funksies te verrig of herhalende probleme op te los.[32] Die aard en die inhoud van die gedrag of aktiwiteite kan afgebreek word en in onderlinge leereenhede ontleed word; die "beste" metode van gedrag of optrede kan geselekteer word. Opleiding is dus die **toepassing** van geykte kennis. Voornoemde fase in die voorbereiding van die aspirant kandidaat vir 'n administratiewe professie is weliswaar noodsaaklik, maar die vraag ontstaan: Watter instansie moet dit behartig? Die universiteit, of die opleidingsafdeling van die openbare sektor, of die technikons?

In teenstelling met opleiding, het akademiese voorbereiding te make met die kweek van 'n wetenskaplik-analitiese brein wat die epistemologiese vermoë besit om te kan onderskei tussen nomotetiese en idiografiese persepsies.[33] Met akademiese voorbereiding moet die kandidaat onderrig word in die prosesse van kritiese analise en interpretasie van kennis. Die benadering verskaf nie onverwylde antwoorde nie, maar soos Stephen Robbins dit pertinent stel:

> "... but rather develops a logical and rational mind that can determine relationships among pertinent variables and thereby understanding phenomena".[34]

Die prosesse van teoretisering en filosofering is te gediversifiseerd en te kompleks om dit volgens geprogrammeerde opleidingsmetodes aan te bied. Dit kom deur spesiale akademiese verryking van die gees. Aan die universiteit, die sentrum vir *libertas philosophandi,* kan publieke administrasie slegs aangeleer word deur akademiese onderrig en nie deur geprogrammeerde indiensopleiding nie. Die praktyk van publieke administrasie wissel van betrekking tot betrekking en slegs enkele universeel aanvaarbare wetmatighede geld in 'n generiese verband. Die Departement Publieke Administrasie moet in die proses van teoretisering en filosofering rekening hou met die praktiese implikasies in administratiewe betrekkings wat in die hele openbare sektor bestaan en 'n versoening bewerkstellig tussen die teorie en die praktyk.

In die groot veelheid van administratiewe betrekkings wat in die openbare sektor aangetref word, kan die universiteitsdepartement slegs in die algemeen "instrumente om te administreer" onderrig verskaf, byvoorbeeld die begroting, die posteklassifikasiestelsel, die merietestelsel, maar dit is verregaande om te verwag dat dosente opleiding moet verskaf in alledaagse lessenaarvaardighede soos briewe skryf, memoranda opstel of voorleggings voorberei. Laasgenoemde take kan juis beter geleer word agter die lessenaar as op die universiteitsbanke. Theodore Levitt het een keer geskryf:

> "We can teach about management, but we cannot teach management"[35]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In dieselfde asem kan gestel word: **Ons kan nie mense leer om te administreer nie, ons kan hulle hoogstens onderrig om te dink soos administrateurs.** Potensiële openbare administrateurs word dus blootgestel aan die proses van wetenskaplike ondersoek van twyfel en definisie om daardeur 'n akademiese onderskeidingsvermoë te ontwikkel wat intense begrip verleen aan die administratiewe proses, ver dieper as die kandidaat wat deur indiensopleiding onderrig is. Aan die einde van die akademiese onderrigprogram verleen die universiteit aan die suksesvolle kandidaat 'n baccalaureusgraad, wat beslis nie 'n sertifikaat vir administratiewe vaardigheid is nie, maar slegs 'n sertifikaat om aan te toon dat die kandidaat die akademiese behendigheid besit om wetenskaplik te dink. Trouens, professor Don Aitken van die Australian National University het tydens 'n gradeplegtigheid aan die Universiteit van New England gedurende 1981 gesê:

> "The moral is that a university degree is not, and in my opinion ought not to be a passport to a particular job. It is a sign that the bearer has some useful intellectual skills and some knowledge of a general kind".[36]

Geen sertifikaat of graad is 'n bewys van administratiewe behendigheid en vaardigheid nie. Administratiewe behendigheid en vaardigheid, getemper deur akademiese onderskeidingsvermoë word opgedoen in die frontlinies van administratiewe aanslae en in die arena van administratiewe binnegevegte.

Openbare administrateurs word in verskeie betrekkings op verskillende hiërargiese vlakke in die openbare sektor aangetref. Die toonaangewende openbare administrateurs wat oor die toekoms, leefwyse en aardse heil van die samelewing moet besluit, word veral aangetref op die sentrale en op die munisipale owerheidsvlakke. 'n Mens verwag van die openbare administrateurs op genoemde owerheidsvlakke 'n hoë graad van professionalisme, omdat op daardie vlakke oor die hoogste peil van die menslike voortbestaan besluit moet word. Ruim studiegeleenthede bestaan om die openbare administrateurs met die akademies-wetenskaplike kennis toe te rus om hulle taak tot die diepste kern te kan begryp. Dit impliseer egter dat universiteitsonderrig toepaslik, relevant en bruikbaar vir die samelewing moet wees. Voornoemde eise word ook telkens deur werkgewers en personeelverenigings in die openbare sektor gestel. Dit wil voorkom asof die hoër eise aan lessenaarvaardige mensemateriaal aan die orde van die dag is en dat kitsprogramme en klaargemaakte kursusse in die vak die nuwe eise gaan wees. Hierdie aandrang bring noodwendig 'n polimorfiese hipertrofie en ekstensiewe wetenskapsproliferasie aan die universiteit mee. Die Minister van Nasionale Opvoeding het egter hierdie kitsklaaropleidingsbenadering gekritiseer en die volgende tydens die opening van die 37e Kongres van die SA Handelsinstituut op 5 Mei 1982 gesê:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Ek wil dit vir u ter oorweging gee dat u nie van ons universiteite moet verwag om so 'n bruikbare en regstreekse toepasbare opvoeding te verskaf dat universiteitstudie resepmatig, bloot tegnies en onfundamenteel sal word nie. Universiteite se hooftaak deur die eeue was om deur 'n fundamenteel-akademiese en teoretiese skoling die beste breinkrag te skool in die beginsels en die teorieë wat die tegniek en die praktyk ten grondslag lê. Universiteitsopleiding, en veral die leergange wat tot die toekenning van grade lei, vereis 'n diepgaande fundamentele skoling in die basiese wetenskappe. Mense wat goed in die skynbaar nuttelose basiese wetenskappe soos wiskunde, filosofie, sielkunde, tale, sosiologie, fisika, chemie en ander geskool is, sal waarskynlik nie die tegnieke van die praktyk by hul beroepstoetrede kan hanteer nie, maar hulle behoort die teorie te ken wat die praktyk ten grondslag lê. Daardie begrip en kennis vorm 'n permanente basis wat na ander of nuwe onbekende situasies oorplaasbaar is en wat veroorsaak dat fundamenteel-wetenskaplike geskoolde mense kreatief, meervoudig aanwendbaar en uiteindelik besonder nuttig en aanpasbare werknemers en leiers kan wees".[38]

So 'n benadering tot universiteitsonderrig is beslis akademies verantwoordbaar, want indien al hoe meer daarop aangedring word dat universiteite eksklusief moet toespits op die opleiding van kandidate, word universiteite dan weggedwing van sy oorspronklike roeping van *libertas philosophandi.* Die universiteit wil nie deur hierdie gesindheid die reg op aanspraak daarop om hulle verantwoordelikheid in die woekering van kennistoepassing naas kennisvernuwing en -oordraging na te kom, negeer nie, trouens die wetenskaplike kennis moet steeds toepaslik en bruikbaar wees. Die universiteit besef sy plig om kandidate te lewer wat gekenmerk word deur 'n deeglike wetenskaplikgefundeerde kennis, 'n oorsigtelike perspektief, 'n skerp onderskeidingsvermoë, kennis van die mens en 'n rasionele oordeel. Die Minister het verder gesê:

"Hulle moet deur deeglike skoling en opvoeding en deur praktykervaring en verdere toegepaste studie langsaam en deeglik gevorm, geslyp en gepoleer word totdat hulle die rypheid bereik wat leiers kenmerk".[39]

Om voornoemde ideale te bereik moet die wetenskap Publieke Administrasie voldoende dinamiese kragte ontwikkel om eiesoortige teorieë en filosofieë te kan ontwikkel. Openbare administrateurs moet dus geskoold en opgevoed word in die teorieë en filosofieë wat die praktyk ten grondslag lê. Ongelukkig het die ontwikkeling van universeel aanvaarbare teorieë binne die wetenskap Publieke Administrasie hom tot dusver op ontstuimige waters bevind. In die algemeen beskou, is daar vyf redes waarom 'n konkrete wetenskapsfilosofie en universeel aanvaarbare teorie nog nie in Publieke Administrasie ontwikkel is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie. **Ten eerste** is teoretici deurlopend besig om skaars middele te vermors op 'n onderlinge oorlogvoering teen teoretisering van andere.[40] Hierdie verskynsel is veral onder oorsese teoretici waarneembaar. Geen konstruktiewe stappe word gedoen om konsensus te vind oor 'n universele paradigma nie. In Suid-Afrika is daar tot op die hede 'n breë studieraamwerk ontwikkel, maar dit word erg betwyfel of die openbare administrateur in die bestuursproses werklik enigsins van die tradisionele paradigma gebruik kan maak. Nuwe denke word vereis om 'n lewensvatbare dinamika aan administrasie te verleen. Dit kan slegs verkry word deur die bestudering van die wetenskap in 'n holistiese sin, en nie in sy gefragmenteerde atomistiese onderdele nie. Onder sulke omstandighede word met Gerald Caiden saamgestem dat:

> "There are theories **in** public administration, but there are no general theories **of** public administration".[40]

Voornoemde toedrag van sake is aangehits deur die kontemporêre neiging tot oorspesialisasie en wetenskapshipertrofie. Die strydlustigheid om akademiese voortreflikheid onder verdenking te plaas deur oormatige pedantiese eksaktisisme en semasiologiese nougesetheid behoort gestaak te word en stappe behoort gedoen te word om die wetenskap van Publieke Administrasie na nuwe hoogtes te voer.

**Ten tweede** bestaan daar tans 'n oorvloed van ongeverifieerde teorieë, veral in finansiële administrasie en in personeelverhoudings. Die huidige gaping tussen suiwer teorie en toegepaste teorie is te groot om sinvolle versoening te bewerkstellig. Die idealisme van byvoorbeeld die doelwitbegrotingstelsel soos dit verkondig was in die laat sestigerjare, het in praktyk bewys dat daar nie verder gevorder is as die tradisionele inkrementele benadering tot finansiële administrasie nie. Niemand weet of sommige verkondigde teorieë in praktyk sal werk nie en dit blyk dat dit nodig sal wees om laboratoria in te rig om 'n versoening te vind tussen die normatiewe teorieë en die toegepaste publieke administrasie.

**Ten derde,** weens die oormatige proliferasie van die vak en die uiteenlopende teorieë op elke professionele arbeidsveld, is die hele akademiese dissipline in 'n verwarrende toestand. Die student van Publieke Administrasie in al sy ordes, groottes en dimensies is die afgelope jare, weens die aandrang op groter professionalisme, byvoorbeeld tans opgedeel in die studie van staatsadministrasie aan die een kant en munisipale administrasie aan die ander kant. Hierdie toedrag van sake het voor 1965 aan die meeste universiteite gegeld. Na 1965 is die aparte studiedomeine in een wetenskap gekonsolideer en die Publieke Administrasie was 'n universele studie van administrasie op alle terreine, ordes, groottes en domeine. Met die afsplitsing van twee spesialisasieterreine word die student slegs blootgestel aan 'n deel van die publieke administrasie, te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wete òf die staatsadministrasie òf die munisipale administrasie. Die gevare van wetenskapshipertrofie en die ontwikkeling van disfunksionele teorieë is nie uitgesluit nie. Bowendien word 'n probleem nou geskep vir toekomstige departementshoofde wat geskoold gaan wees óf in staatsadministrasie óf in munisipale administrasie, maar hoegenaamd nie in publieke administrasie *per def.* nie.

